

## HOOFSTUK 6

### GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

Rog cv SSR 1 is 'n kultivar wat vroeg volwassenheid bereik, met die gevolg dat hierdie gewas vinniger in die reprodktiewe fase oorgaan en sodoende spoedig 'n hoër groeitempo as die ander twee gewasse het (van Heerden 1986). Rog word ook minder geaffekteer deur lae temperature en kan sodoende deur die koue winter maande aanhou groei. Bogenoemde faktore maak hierdie rogkultivar veral geskik vir aanplanting wanneer voer in die herfs of gedurende die winter benodig word. Hawer groei stadiger as rog, maar het 'n hoër opbrengs. Dit sal daarom beter wees om hawer vroeg in die herfs (Februarie tot Maart) in ooreenstemming met die aanbeveling van Miles (1993), aan te plant. Die hawer sal dan genoeg kans hê om te groei, voor die lae temperature van die winter die groei inhibeer. Hawer en korog wat teen die einde van Mei aangeplant word, kan gedurende die lente benut word, aangesien die grootste persentasie van die groei dan eers sal plaasvind. Die groeitempo van korog plat later af as die van die ander twee gewasse. Die regop groeiwyse en hoër DM-opbrengs van hawer maak dit 'n beter keuse, veral waar groenvoer gesny en in die kraal aan die diere gevoer word.

Die WVD by die drie gewasse neem toe met 'n toename in waterstremming. By die laer besproeiingspeile lewer hawer meestal die hoogste DM-opbrengs, en kan dit gevolglik aanbeveel word vir situasies waar water beperkend is. Hoër besproeiingspeile gee aanleiding tot 'n hoër ADF-konsentrasie by rog, wat met die laer IVVOM-konsentrasie by hierdie peile korreleer.

Rog kultivars Bonel en Maton kan as laat aangeplante (einde Mei) groenvoer in die suuragtige gemengde bosveld van Transvaal aanbeveel word, mits besproeiingswater nie beperkend is nie. Uit die resultate blyk dit ook dat 'n verlaging in besproeiingspeil geen

betekenisvolle invloed op die DM-produksie van hawer cv Overberg, Witteberg en Heros het nie. Die DM-opbrengs met Overberg onder toestande van voldoende vog, is in elk geval ook betekenisvol hoër as met die meeste ander gewasse waarmee dit vergelyk is. Hoewel die DM-opbrengs met die hawer cv Saia relatief hoog is wanneer die besproeiingspeil verlaag word, is die produksie daarvan, onder toestande van voldoende vog meestal betekenisvol laer as wat met Overberg en Heros verkry word. Saia presteer dus goed onder lae PBGW-peile, maar het nie die potensiaal om toestande van voldoende PBGW optimaal te benut nie.

N-bemesting het geen betekenisvolle ( $P \leq 0.05$ ) invloed op die DM-opbrengs van rog, korog en hawer, op gronde wat die vorige seisoen braak gelê het. N-bemesting het skynbaar ook min invloed op die IVVOM-, NDF- en ADF-konsentrasie van gewasse. Daar kan veral in 'n vroeë groeistadium wel 'n toename die ruproteïen inhoud met 'n toename in N-bemesting wees.

- Chuteyong P., Hughes J. & Mubumba J., 1997. Quantity and quality of lucerne and other small grain silages. *Agri. J.* 70: 419-441.
- Clune G.G. & Fisher M.J., 1976. Production and utilization of lucerne as forage for cattle in the Great River Valley, Western Australia. *Aust. J. Exp. Agric. Anim. Husbandry* 11: 65-83.
- Daily N.C., 1984. *The natural and cultivated soils of the world*. John Wiley & Sons, London, 301 pp.
- Drysdale L.W., 1969. Lucerne - a review. *Crop Sci.* 9: 197-205.
- Brackner P.L. & Hanna W.W., 1990. Crop quality and utilization. *Crop Sci.* 9: 147-266.
- Brackner P.L. & Raymer P.L., 1990. Factors influencing species and cultivar choice of small grains for winter forage. *J. Prod. Agric.* 3: 349-355.